
FL 1:11 : 'N BRIEF AAN EUROPA SE EERSTE GEMEENTE [5]

E187

v.11 : ... *vervul met die vrug van geregtigheid wat daar is deur Jesus Christus tot heerlikheid en lof van God*" (OAV).

Hier sê Paulus vir die Filippense wat die essensie van sy gereelde gebede vir hulle is. In die eerste instansie - soos laas gesien - bid hy vir toenemende, begripvolle en oorvloedige liefde sodat hulle kan onderskei waarop dit werklik aankom. Maar hierdie doel ("sodat") staan in diens van 'n volgende en hoër saak. Dis 'n trapklip onderweg na die eintlike doel: *dat hulle die wederkoms van Christus met innerlike integriteit en hartsopregtheid tegemoet sal gaan, terwyl hulle versigtig lewe om vir ander wegwysers na die ewige lewe te wees, en nie dalk struikelblokke nie.*

En nou gaan Paulus in v.11 voort: *indien bogemelde van hulle waar is, sal hulle op die dag wanneer die Here terugkom, vervul wees met geregtigheidsvrug - wat die uitvloeiende sal wees van hulle eenheid met Christus - en so sal God verheerlik word.* Hierna moet ons nou kyk.

Vrug van geregtigheid

Hierdie uitdrukking kan op twee maniere vertolk word: óf dit is *vrug wat voortkom uit geregtigheid* - die objektiewe geregtigheid van Christus wat aan die gelowige *toegereken* word; óf dit is *vrug waarvan die aard geregtigheid is* - subjektiewe geregtigheid wat die Here in die gelowige se lewe *toebedeel*.

Waarskynlik word laasgenoemde bedoel. Só word die uitdrukking elders in die Nuwe Testament gebruik (Hb 12:11; Jk 3:18, NIV). Maar uiteindelik

maak dit nie soveel saak nie, aangesien beide sonder uitsondering teenwoordig is in die lewe van elke ware gelowige. Elkeen wat waarlik glo, word beklee met Christus se objektiewe geregtigheid - waarop subjektiewe geregtigheid in die proses van heiligmaking altyd volg.

Vervul

In die oorspronklike taal is hierdie werkwoord in 'n vorm wat dui op 'n staat wat die gevolg is van 'n voorafgaande gebeurtenis of reeks gebeurtenisse. So gesien, gaan Paulus se gebed daarvoor dat die Filippense *eendag as die Here kom vol geregtigheidsvrug sal wees - omdat hulle tydens hierdie lewe daarmee volgemaak is.*

Hierdie woord is 'n oorvloedsbegrip. Paulus bid dus vir lewens wat boordevol vrug is. Nêrens aanvaar die Skrif tweederangse Christenskap as maar in orde nie. Nee, ons moet alles inspan om op die laaste dag mandjies propvol vrug te hê.

Daarvoor is 'n regte lewensinstelling nodig:

Eerstens, moet my *hele lewe* in diens staan van die oes. Niks is uitgesluit nie. Wat nie bydra nie, skuif noodwendig af op my prioriteitslys. Dit mag goeie en edel dinge wees. Maar konsentreer op die uitnemende, en jy kom selde by die goeie uit.

Tweedens, moet ek my instel om vrug van *elke denkbare soort* te kweek (2Kor 8:7; Ef 5:9; Kol 1:10).

Derdens, moet ek *elke geleentheid* sien as in diens van die oes (Jh 9:4; Ef 5:16).

Deur Jesus Christus

Altyd is die apostel begaan oor die Here se eer! Maar oor en oor beklemtoon hy dat ons God nooit kan verheerlik anders as *deur Christus se middelaarskap* nie (vgl. bv. Ef 2:10).

As groot *Profeet* het Hy vir ons presies geleer wat reg is in God se oë - wat die ware aard van geregtigheidsvrug is.

As groot *Priester* het Hy Homself vir ons geoffer sodat ons vrug vir God aanvaarbaar kan wees, en tree Hy voortdurend by die Vader vir ons in sodat

ons kan volhard in ons vrugdra-roeping en sodat ons vrug wasdom kan bereik.

As *Koning* heers Hy só in ons lewens dat ons Hom met onverdeelde harte vertrou, liefhet en dien - wat die Vader meer as enigiets behaag.

Tot heerlikheid en lof van God

Hieroor gaan alles. En hierdie doel beheers nie net v.11 nie, maar die hele gebed.

As Paulus so bid, bid hy natuurlik presies in pas met die ganse Godsopenbaring.

So praat hy byvoorbeeld in Ef 1 in verhewe terme oor God se ewige raad en grootse verlossingsplan. Drie keer word herhaal dat Sy doel met alles Sy eie verheerliking is. Alles wat Hy in hierdie skepping en geskiedenis doen, is "tot lof van Sy heerlikheid" (Ef 1:6,12,14, OAV).

Die onontkombare implikasie is dat elke ware gelowige sy volle gewig moet ingooi by die najaging van hierdie grootse doel. Wat ons ook al doen, moet in diens hiervan staan (Mt 5:16; 1Kor 10:31; 1Pt 4:11).

Die locus classicus

Nêrens word die tema onder ons vergrootglas meer fundamenteel en insiggewend behandel nie as deur die Here Jesus self in Jh 15:1-17.

Hý is die wingerdstok; Sy dissipels die lote. Hulle moet vrug dra, maar dis Hý wat die lewensap voorsien om dit moontlik te maak. Trouens, sonder Hom kan hulle niks verrig nie (4-5). Daarom moet hulle sorgdra om voortdurend in Hom te bly - deur in geloof steeds soos drenkelinge aan Hom vas te hou.

Spesifiek is dit 'n vashou aan Sy *liefde* (9). Maar liefde is 'n oor-en-weer-aangeleentheid - en daarom gaan dit ook oor die dissipels se volhardende en toegewyde *gehoorsaamheid* aan Hom - want dis hoe hulle hul liefde tot uitdrukking moet bring (10). En hoe kom hierdie gehoorsaamheid prakties tot uitdrukking? In *broederliefde!* (12,17).

'n Verdere en onmisbare faktor is *gebed* (7,16).

Waarom gaan dit alles? *Die Vader se*

verheerliking! (8). Daarom, *hoe meer vrug, hoe beter* (8). En let op, hierdie vrug is nie maar soos laas seisoen se perskes wat nou verskrompel is nie - *dis blywende vrug!* (16). Daarom kan dit akkumuleer - en uiteindelik gewig dra op die laaste dag.

Hier is ons by ons *lewenssin* - waarom ons uitverkies en geroep is (16).

Praktiese toepassing

1. Die definisie van 'n lewe wat God behaag.

Dis uiters belangrik om te onthou dat nie elke ding wat ons as goed beskou, vir God aanvaarbaar is nie. Vir karaktertrekke en daede om as vrug van geregtigheid te kwalifiseer, moet dit aan spesifieke vereistes voldoen. Vers 11 gee baie lig:

Eerstens, dit stem ooreen met wat God in Sy Woord aan ons as Sy wil openbaar. *Geregtigheid* dui immers op dit wat reg is in God se oë.

Tweedens, dit geskied vanuit my verbondenheid met Christus en vanuit die krag wat Hy deur Sy Gees verleen.

Derdens die beheersende motief in my hart is die heerlijkheid en lof van God die Vader.

2. Hoe dra ek hierdie vrug?

Allereers moet ek 'n *goeie boom* wees. Slegte bome kan nie goeie vrug dra nie (Mt 7:16-20; 12:33). Ek moet dus wedergebore wees (1Jh 2:29, OAV). As dit eers 'n werklikheid is, kom die geregtigheidsvrug asof vanself - móét die saad wat God in jou geplant het groei en vrugdra (1Jh 3:9, OAV).

Voorts moet ek - soos die apostel hier - voortdurend en *met erns bid en dit najaag* dat die Here deur Sy Gees só in my sal werk dat ek inderdaad vrug dra. Die "vanselfsprekendheid" hierbo moet nie simplisties verstaan word nie. Hierdie vrug kom nie outomaties nie. My ywerige gebruikmaking van die genademiddele is noodsaaklik. Onder meer is noodsaaklik: toegewyde gebed; ernstige omgang met God se Woord, waarheid en weë; die najaging van heiligmaking;

gereelde gemeenskap met broers en susters in die Here; en die gereelde blootstelling aan Bybelgetroue en Geesvervulde prediking.

Derdens moet ek my *verantwoordelikhede* opneem. Dis immers ék wat die vrug moet dra. Rm 6:13 is hier van belang: "... stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dood lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God" (OAV).

Vierdens moet ek sekere waarhede altyd voor oë hou. *Wanneer dra 'n wedergebore yweraar vir Christus vrug tot eer van God?*

* Die antwoord lê onder meer in Jh 15: Ek moet die *lewenseenheid* waarvan die Here Jesus daar praat, voortdurend en met toewyding koester - ek moet in Christus bly. Mens moet dus jou *vertroue* in, *liefde* vir en *gemeenskap met Christus* soos 'n kosbare kleinood bewaar. Die Nuwe Testament is vol oor die noue wisselwerking tussen liefde vir Hom en gehoorsaamheid aan Hom. Verkoel my toewyding, tree laksheid dadelik in; en niks blus my liefde so gou soos ongehoorsaamheid nie.

* Voorts moet ek nie rondspeel met my roeping nie, maar selfgedissiplineerd *Christus se voorbeeld navolg en leef soos Hy beveel*. Johannes stel dit kategoriees: "Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het" (1Jh 2:6, OAV; vgl. ook 1Pt 2:21).

Dit verg dus dat ons voortdurend ons lewens op die skaalbakke van die Woord sal weeg.

* Les bes moet jy alles wat jy doen bewustelik *aan die Vader offer - in die Naam van Christus*. Jou toewyding wil dus in die eerste instansie die Vader behaag en Hom verheerlik. Ons roeping is immers om "geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is" (1Pt 2:5). Ja, hierdie offers is gebrekkig, maar omdat hulle in Christus vir die Vader gebring word, is dit oneindig kosbaar vir Hom. Dis soos ouers wat van plesier kraai as hulle baba sy eerste wankelrige treetjies gee. Die vreugde lê allermens in die volmaaktheid van die daad, maar

in die feit dat dit so 'n kleintjie se allerbeste is - en dat dit hulle spruit is wat so presteer.

3. Hier lê die diepste sin van die lewe.

As daar een vraag is waarmee alle denkende mense deur die eeue geworstel het, dan is dit die vraag na die sin van die lewe. Waarom gaan dit en is ek hier? Sal my lewe enigsins betekenis hê ná my dood? Maak ek hoegenaamd 'n verskil - en indien wel, waaraan? Sal dit voortduur? En sal dit uitstyg bo die mundane van hierdie ondermaanse?

Hier in v.11 is die antwoord! As die Here eendag ons werke beproef, sal dit net dié wees wat met goud, silwer en edelstene gebou is wat die vuurtoets sal deurstaan (1Kor 3:9-15). *Geregtigheidsvrug - in harmonie met God se Woord dus - en dit alleen, het in die ware sin van die woord ewigheidsbetekenis!*

Hoe kan ek nou reeds weet my ywerige diens vir die Here sal eendag die toets deurstaan? Vals motiewe is immers so verskriklik subtiel. My vlees is so verdorwe. Die allervraag - en dis presies op hierdie punt waar mens so maklik mis trap - is of ek regtig gedring word deur 'n hartstog vir *God se eer*? Hier is 'n lakmoestoets: *as jou werk vir die Here - jou bediening en goeie werke - op watter wyse ook al kortgeknip word, sal jy steeds vergenoegd wees en vreugde in Hom hê? Of is jy só vasgebind aan jou drome en ambisies dat jy alle lewenssin sal verloor indien dit sou opdroog?*

Hieroor moet ek en jy weer en weer nadink.

Nico van der Walt

* Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in Suider-Afrika.
* Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Posbus 2120, Mosselbaai, 6500; E: nico.vanderwalt@reformed.org.za
Tel. 044 696 6526, 082 848 9396.

* Blog: www.e-preke.blogspot.com (met heelwat meer as e-preke)
* Webwerwe: www.reformed.org.za; www.sola5.org.za
* Weekliks word 'n preek soos hierdie wêreldwyd per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.
* Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.
* Vorige E-preke is te kry op die eerste webwerf hierbo.
* Preekopnames: E: info@nunide.org.za; T: 012-808 3906